

## 1 September

## Openbaring 5

### (Teks: 5:5 en 6) Die krag van die Lam

Johannes het gehuil toe niemand gevind kon word wat die boek in God se hand kon oopmaak en daarin kyk nie. In die boek is God se besluite opgeteken oor wat alles moet gebeur tussen ons Here Jesus se eerste koms na die aarde en die dag wanneer Hy weer kom. Iemand moes gevind word wat die boek kan oopmaak sodat dit wat opgeteken is kan plaasvind en die teenswoordige aarde nuutgemaak kan word.

'n Ouderling het die huilende Johannes gewys dat die Leeu wat uit die Judastam kom in staat is om die boek oop te maak. 'n Leeu het krag en mag. Hierdie Leeu het uit die koningstam, Juda, gekom. Koning Dawid en sy nageslag wat hom as konings opgevolg het, het almal uit hierdie stam gekom. Dit lyk gepas dat 'n sterk, magtige Koning die geskiedenis sy loop sal laat neem.

Wanneer Johannes weer kyk, sien hy die Leeu lyk soos 'n Lam -boonop 'n geslagte Lam! 'n Lam - veral 'n geslagte lam - vertoon eerder 'n beeld van swakheid as van krag. Tog is die geslagte Lam en die Lam uit die stam van Juda een en dieselfde, ons Here Jesus Christus.

Jesus Christus heers as Koning, omdat Hy bereid was om as Lam geslag te word. Die verloop van die wêreldgeskiedenis word nie bepaal deur leiers met groot wapenarsenale, diktators, leiers wat verafgod word of groot demokrasieë lei nie. Die afloop van die wêreldgeskiedenis word bepaal deur 'n Koning wat so magtig soos 'n leeu is, maar terselfdertyd Homself as 'n Lam laat slag het vir die burgers van sy ryk.

Sing Skrifberyming 8:1 en 2      Ds. E J. de Beer (Laeveld)